

25 September

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 13 en 14

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 14

Ons hulp is in die Naam van die Here

Abia het 'n kort maar kragtige regeringstyd van drie jaar gehad. Sy groot probleem was sy ma, Maäka, die weduwe van Rehabeam. Sy was 'n Ammonitiese vrou en het 'n afgryslieke beeld vir die godin Asjera gemaak (2 Kron 15:16). Abia het dié dinge toegelaat. Soos sy pa was sy hart nie volkome by die Here nie (1 Kon 15:3). En tog bely hy op die slagveld teenoor die oormag Israëliete van die Noordryk: "Die Here is ons God, en ons het Hom nie verlaat nie ...By ons is God aan die hoof ..." (13:10 & 12). Toe die oormag van Israel die manne van Juda aanval, het hulle na die Here om hulp geroep (13:14). Hy het geluister en aan hulle 'n groot oorwinning besorg.

Abia se seun, Asa, het 'n lang en voorspoedige regeringstyd van een en veertig jaar gehad. Ook Asa het in groot nood tot die Here geroep. Die Kussiet Serag het Juda met 'n geweldige oormag binneval en Asa het sy hulp by die Here gesoek: "Help ons, Here ons God, want op U steun ons, en in u Naam het ons teen hierdie menigte gekom" (14:11). Die Here het geluister. Die vyand is verpletter en het gevlug. Daar was 'n groot buit vir die Judeërs.

Wanneer ons op die Here vertrou, gee Hy uitkoms op maniere wat ons verwagtings ver oortref – al is die uitkoms soms anders as wat ons wou hê. Die siener Ganani herinner Asa daaraan: "Die Here het sy oë oral op die aarde, sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou" (2 Kron 16:9).

Sing: Psalm 124:1,4

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)